NUUSBROKKIES

Sondag 19 Mei 2024

LIEF EN LEED

Beterskapwense

Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir ‘n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op ‘n spoedige herstel toe.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante / professore en eggenotes met hul verjaardag

16 Mei Proponent XO (Xolisa) Matrose
Ds EJ (Janré) van Jaarsveld – GK Boksburg
17 Mei Ds HJP (Hendrik) de Beer – GK Magol
18 Mei Ds SP (Petrus) Mentjies – GK Monyakeng
Ds DJ (Daniël) Maritz – GK Pretoria-Brooklyn
Ds MW (Thinus) Kruger – GK Newcastle
Mev EJA (Dalizé) Pelser, eggenote van ds AL (Abri) Pelser – GK Bethlehem
Mev L (Lanae) de Vries, eggenote van dr BA (Brian) de Vries – Grace Reformed Church of Northern Pretoria
Mev R (Roné) Myburgh, eggenote van ds LD (Daniël) Myburgh – GK Otjiwarongo
19 Mei Mev B (Barenda) Coetzee, eggenote van ds GC (Gideon) Coetzee – GK Standerton
Mev L (Loraine) Janse van Rensburg, eggenote van ds R (Reghard) Janse van Rensburg – GK Delmas
21 Mei Ds JL (Jannie) van der Schyff – GK Welkom
Ds AH (Abel) Steyn – GK Lydenburg
Ds G (Gerhard) Janse van Rensburg – GK Durban-Noord
Mev Y (Yvonne) Hattingh, eggenote van ds HB (Bernard) Hattingh – GK Warmbad
Mev AS (Aletia) de Villiers, eggenote van ds SA (Stephanu) de Villiers – GK Randburg
22 Mei Mev L (Lacia) Vermeulen, eggenote van dr PJ (Peet) Vermeulen – GK Wapadrant

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti met hul verjaardae

17 Mei Ds MP (Philip) Lekgetho – GK Boikhutso

19 Mei Mev A (Alvira) van der Walt, eggenote van ds AB (Braam) van der Walt – GK Plettenbergbaai/Knysna
20 Mei Mev C (Chris) Spoelstra, weduwee van prof B (Bouke) Spoelstra – TSP
Ds PA (Peet) Coetzee – GK Potchefstroom
Mev W (Wendy) Mouton, eggenote van ds FJ (Koos) Mouton – GK Potchefstroom-Oos
21 Mei Dr J (Johann) le Roux – GK Pretoria-Brooklyn
22 Mei Mev S (Sonja) Miskin, eggenote van dr AB (Arthur) Miskin – GK Rietvallei

Hartlike gelukwense aan die volgende teologiese student met sy verjaardag

22 Mei Sibusiso Ngcobo

Gods ryke seën word u toegewens vir die nuwe lewensjaar *(Ps 16:5, 6)*

Doodsberig



Prof LJ (Louis) Botha, emeritusprofessor, is op 14 Mei 2024 oorlede in die ouderdom van 104 jaar en 7 maande.

Prof Botha was die predikant van GK Dordrecht 1944-1946, GK Gobabis 1946-1949, GK Molteno-kombinasie 1949-1954, GK Steynsburg 1954-1956, sendeling GK Thabong (Welkom) 1956-1958, GK Dordrecht 1958-1959, professor Hammanskraalse Teologiese Skool 1959-1989 waarna hy in 1990 geëmeriteer het.

EMERITERING

Ds LJ (Lou) Erasmus van GK Naboomspruit lewer sy afskeidspreek, DV op Sondag, 26 Mei 2024.

Ds Erasmus emeriteer einde Mei 2024.



GEDAGTE VIR DIE WEEK

God vaar voor die oog met gejuig omhoog;
die trompette blink, die basuine klink:
met 'n groot geskal styg bo berg en dal
God se glorie uit. Laat nou die geluid
van jul psalme hoor: laat 'n jubelkoor
Hom, die Vors en Heer van die aarde, eer!

Psalmsing tot Gods eer! Weet dat Hy regeer:
Hy het opgevaar, Koning is Hy daar
van die heidendom. Vorste en volke kom
om sy volk te wees, Abrams God te vrees.
Skild en teëweer is van U, o HEER!
Sing dan juublend bly! Hoog verhewe is Hy!

Psalm 47:3,4 – Beryming deur Totius

KERKLIKE ADMINISTRASIE

Proponente beroepbaar gestel

Proponent KN Lepodise (Koketso)
Sel: 073 717 4394
E-pos:
koketsolepodise@gmail.com

Proponent Thina Nthangeni
Sel: 072 085 7146
E-pos:
tcnthangeni@gmail.com
of nthangenit@elections.org.za

Proponent X.O. (Xolisa) en Bontle Leah Matrose
Sel: 063 211 9497
E-pos:
pastormatroseinfo@gmail.com

Proponent B.M. (Marten) Boersema
Sel: 066 224 0772
E-pos: mbboersema@gmail.com

TOPIA NUUS – MEI 2024

Ons bedien tans die Tsumkwe gemeente in Noord-Oos Namibië, wat bestaan uit San boesman mense. Hulle woon in 'n bewaar-area van 'n miljoen hektar, in 45 nedersettings en is in 5 wyke gedeel. Hier mag hulle nog op tradisionele wyse veldkosse versamel en met pyl en boog kos jag.

Die poging met die opleidingsprojek is nou om lidmate van elke nedersetting toe te rus en leiers vir die toekoms te identifiseer.

Basiese opleiding oor die hele Bybel word beplan, maar vir nou word begin by die Ou Testament. Elke twee en half dae, Maandae tot Woensdae oggende en dan weer Donderdae tot Saterdae oggende, word daar 'n groep uit een van die 5 wyke, by die kerkterrein aangebring. Twee bestuurders los mekaar af om die mense met 'n bakkie orals te gaan oplaai en weer af te laai. Elke groep gaan in die tyd wat ons hier is, drie geleenthede vir opleiding kry. Dan word ons weer afgelos deur 'n volgende toeruster en die opleiding gaan voort.

Die eerste rondte het Saterdag 4 April geëindig. Elke groep het nou 'n inleiding en oorsig oor die Ou Testament gekry. Slegs 3 tot 4 mense in 'n groep van 10 tot 15 mense kan lees, daarom word die Bybel op 'n baie eenvoudige manier aan die mense oorgedra.

Verhale en prentjies speel 'n belangrike rol. Dis ook belangrik om te besef dat alle begrippe, wat vir ons baie bekend is, nie noodwendig eers 'n woord in hulle moedertaal het nie. Byvoorbeeld die fondament van 'n huis. In Lukas 6:48 leer die Here deur die voorbeeld van 'n huis op 'n fondament, dat ons die Woord van die Here moet hoor én doen. Hier grawe hul wel geen fondasies vir hul huise nie, maar begin die huise bou met sterk geelhout pale op die hoeke. Die Bybel is dus soos daardie stutpale en jou hoor en doen van die Here kan nie sonder die Bybel nie.

Daar is 'n groot behoefte aan God se waarheid in 'n gemeenskap wat nog nie 'n volledige Bybel in hulle eie taal het nie. Daar is al gedeeltes van die Bybel in klankopnames gemaak om kernwaarhede mondelings vas te vang. Dit is die plan dat elkeen van die gemeenskappe ook hierdie klankopnames sal ontvang.

Ingestuur – ds Johannes Aucamp – GK Rietvallei

GEREFORMEERDE PUBLIKASIES
(Calvyn Jubileumboekefonds = CJBF)

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

<table>
<tr>
<td> 

R105.00</td>
<td> 

R75.00</td>
</tr>
<tr>
<td> 

R50.00</td>
<td> 

R70.00</td>
</tr>
</table>

POTCHEFSTROOMSE TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

Bestel by: Administratiewe Buro
E-pos: bestellings@gksa.co.za
Tel: 018 297 3986
(verpakking en koerierkoste uitgesluit)

R70.00



R120.00



R100.00



R160.00

UITNODIGING NA GK DASPOORT SE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE 2024

Tydens die Konferensie gaan die volgende onderwerpe behandel word:

- Die Bybel sê wie God is.
- Die Bybel sê wie ons is.
- Die Bybel leer God se wil vir my.
- Die verkondiging van die Bybel is noodsaaklik.
- Hoe lees ek die Bybel (praktiese wenke).
- Sondag preek ('n Lewe onderworpe aan die gesag van die Skrif).